

18 Junie 2009

Jaargang 2 – Uitgawe 19

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)



**Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld**

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)  
Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)  
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)



Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:  
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"  
Uit Johannes 13: 12

## VOORBLAD

### Om kinderdrome waar te maak

**Die winter het aangebreek en dit beteken dis weer fietstoertyd vir die brawe studente van Philadelphia! Auto Pedigree Toer die Droom 2009 neem vanjaar sowat 40 studente op 'n fietsry-ekskursie deur Mpumalanga.**

Maar hoekom *Toer die Droom*? Philadelphiastudente het besluit om hulle te beywer vir die drome van minderbevoorregte mense en om in 2009 spesifiek te fokus op die drome van behoeftige kinders. *Toer die Droom* glo vas dat dit nie 'n kind se voorreg is om menswaardig behandel te word en om net kind te kan wees nie – dit is 'n fundamentele reg, en dit is waaroor die toer gaan!

Ten einde dié doelwit te haal, word fondse reeds op enige moontlike wyse ingesamel. Vanjaar se toer spog reeds met 'n reuse borgskap van Auto Pedigree Suid-Afrika. Auto Pedigree staan die toer nie net finansiëel by nie, maar ook met verskeie hulpbronne. Die publiek het ook reeds hul harte oopgemaak vir die saak, en daar is baie gemeentes en lidmate wat die toer ten volle ondersteun. Fondse word op die toer self ook ingesamel, en dit is juis daar dat ons mense se vrygewigheid eerstehands beleef. Insamelingsaksies op die toer word in elke dorp by 'n inkopiesentrum gehou waar die studente allerlei dienste aan die publiek verskaf – van die stoot van 'n inkopietrolle tot 'n vinnige ruitwas!

Meeste van die kinderprojekte wat baat uit dié fondse, word bedryf deur Die Ondersteuningsraad. Dit sluit ondermeer 'n skoolfondsprojek, 'n skooltassieprojek, 'n terapeutiese kamp vir mishandelde kinders, sowel as voedingskemas en dagsorgsentrums in. Ander begunstigdes is die Jakarandakinderhuis wat weekliks deur Philadelphiastudente besoek word, en *Beeld* se Kinderfonds.

'n Belangrike aspek van vanjaar se toer is die feit dat fondse ook beskikbaar gestel word aan kinders in Mpumalanga self. Elke toerbesteding word beloon vir hul ondersteuning deurdat die opbrengste in daardie spesifieke dorp bewillig word vir projekte ten bate van behoeftige kinders in die betrokke gemeenskap.

Die toer begin op 21 Junie in Pretoria, waarna Bronkhorstspuit, Witbank, Groblersdal, Middelburg, Ermelo, Badplaas, Barberton, Malelane, Nelspruit, Sabie en Lydenburg besoek word. Die gemeentes het reeds ingestem om die toer te ontvang en die fietsryers by te staan met kos en verblyf. Sonder die gasvryheid van lidmate van die Hervormde Kerk sou hierdie toer nooit 'n werklikheid kon wees nie!

Vir meer inligting, kontak ds Martin Slabbert by 082 655 4787 of Dries Beukes (toerleier) by 083 233 6313. Besoek gerus ook die webwerf by [www.tourdream.co.za](http://www.tourdream.co.za) vir volledige inligting oor die toer, kinderprojekte en fondsinsamelingstye.

Enige donasies is welkom en kan gemaak word in die volgende bankrekening:  
NHK Philadelphia  
Rekeningnommer 0540580065  
Verwysing: *Droom*  
ABSA (tjekrekening)  
Takkode 632005

(Vir belastingsertifikate, faks kontakbesonderhede en bewys van betaling na 086 503 2855.)

Om 'n R30-donasie te maak, kan 'n SMS met die woord *dream* gestuur word na 42220.

**Dries Beukes, toerleier**



## BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas.

### Beroep aanvaar

- **Ds Stephan Hoffman** van Port Elizabeth (deeltyds) na Vaalharts



Ds Stephan Hoffman




Ds Hannes  
Wolmarans



Ds Herman, Jessica en Hanica Meyer



Ds Jan van Staden



Ds Tinus Swart

### PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Emerituspredikant ds Frik van Oosten** is op Maandag 15 Junie in die ouderdom van 92 jaar oorlede. Ds Van Oosten is georden op 10 Oktober 1947 in Gemeente Zwartuggens. Daarna het hy die gemeentes Vanderbijlpark en weer Zwartuggens bedien voordat hy in 1972 uit die amp bedank het. Hy is hertoegelaat in 1974 en het Gemeente Westonaria bedien tot in 1982 toe hy emeritaat aanvaar het. Die begrafnis vind plaas op Vrydag 19 Junie vanuit die Hospice-saal, hv Lynnwood- en Genl Louis Bothalaan. Ds Van Oosten se eerste vrou het hom vroeër ontval. Die Kerk se meeleving gaan aan sy huidige eggenote en al hul naasbestaandes.
- Dit gaan onder omstandighede goed met **ds At McDonald**. Hy ontvang tans chemoterapie teen kanker. Voorbidding word vir ds McDonald en sy gesin gevra.
- **Ds Hannes en mev Marna Wolmarans**, predikantspaar van Gemeente Secunda, se seun Johannes Albertus is op Maandag 11 Mei gebore. Baie geluk aan die trotse ouers!
- **Ds Herman en mev Jessica Meyer** van Gemeente Jeffreysbaai se babadogtertjie, Hanica Meyer, is op 12 April gedoop. Die gemeente is baie trots op hul pastorie-eersteling.
- **Ds Jan van Staden** vier op Sondag 21 Junie sy 25ste ampsjubileum. Hy lei om 09:00 die erediens in sy gemeente, Bronkhorstspuit. Groete en gelukwense sal namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), die ring van Bronkhorstspuit en sy gemeente oorgedra word. Prof Andries Breytenbach, pastorale hulp in die gemeente, sal die verwelkoming en aankondigings behartig. Ds Van Staden is op 20 Mei 1984 georden. Hy het twee jaar lank diensplig gedoen en was toe verbonde aan Gemeente Oudtshoorn. In 1986 is hy as predikant van Gemeente Bronkhorstspuit ontvang en in sy amp bevestig. Hy is steeds in sy eerste gemeente werksaam. Sy vader, ds GC (Gert) van Staden, het vanjaar sy 50ste ampsjubileum gevier.
- **Ds Tinus Swart**, deeltydse predikant van Gemeente Petrusburg, besoek tans die gemeentes Dordrecht en Queenstown twee keer per maand en behartig so die bediening van die twee klein gemeentes. Die groot afstande bemoeilik sy taak. Die Ringskommissie van Bloemfontein doen beplanning oor meer effektiewe bearbeiding van die gemeentes, en die dienste van 'n emerituspredikant word oorweeg.
- **Gemeente Cradock** maak tans staat op konsulentsbearbeiding nadat ds Louis Steyn die gemeente 'n tyd lank gehelp het. Die ring van Oos-Kaapland doen saam met die kerkraad beplanning oor die toekomstige bearbeiding van die gemeente.



Ds Collin Hertzog

## Bediening in Zimbabwe

**Ds Collin Hertzog** en lidmate van sy gemeente, Middelburg-Noord, besoek oor die naweek van 19 tot 21 Junie die lidmate in Harare. Soos gewoonlik elke maand, word kosvoorrade saamgeneem, lidmate besoek en eredienste gehou.

Gemeentes wat kruideniersware insamel vir die versorging van **lidmate in Zimbabwe** word versoek om dit by die Sinodale Kerkkantoor af te gee. Daar is hekwagte 24 uur op diens wat kan help om die kruideniersware te ontvang. Die stookkamer is verskuif vanaf Gemeente Oos-Moot na 'n lokaal wat die Administrateur beskikbaar gestel het. Dit was vir die meeste gemeentes moeilik om die kruideniersware by Oos-Moot te gaan afluwer.

Die nood in Zimbabwe is steeds onveranderd. Alhoewel sekere kositems beskikbaar raak, is dit onbekostigbaar. Die meeste lidmate beskik ook nie oor geld om kos aan te koop nie. Met groot dank kan vermeld word dat daar nog elke maand vir die lidmate gesorg kan word met geld en kruideniersware wat uit die Kerk ontvang word.

\*\*\*\*\*

- **Die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat** het in sy halfjaarverslag aan die Kommissie van die AKV oor onder meer die volgende werksaamhede verslag gedoen: Die etiese kode vir predikante; die welstandsprogram vir predikante; die beroepstelsel; gemeentegrense; probleme rondom kombinasies; opstel van bedieningsplanne; en riglyne vir ouderlinge vir die hantering van lidmate met 'n homoseksuele oriëntasie.
- **Ds Corlien van der Merwe** van Gemeente Hartebeestpoort in Brits se huistelefoonnommer werk nie meer nie, maar sy kan nog op haar selfoon bereik word by 083 654 8154. Sy het verhuis na Kiepersol Farms, Bokfontein, Brits. Wysig asseblief die gegewens op bladsy 141 van die *Almanak*.
- **Emerituspredikant ds Louis (LJ) Steyn** se nuwe posadres is Posbus 12, Boknesstrand 6189. Bring die verandering asseblief aan op bladsy 39 van die *Almanak*.
- **Die volgende predikante verjaar van 19 tot 26 Junie**, en word hartlik geluk gewens:
  - Vrydag 19 Junie: Ds Willem Sauer
  - Saterdag 20 Junie: Ds Annelie Botha
  - Sondag 21 Junie: Ds Hennie van der Linde
  - Maandag 22 Junie: Ds Rudi Schoeman
  - Dinsdag 23 Junie: Ds Piet van Wyk
  - Woensdag 24 Junie: Di Piet Botha en Nico van Rensburg
  - Vrydag 26 Junie: Ds Leslie Kern
- **Gemeente Vaalpark** het 'n **vakature vir 'n orrelis**. Aansoeke moet **voor 26 Julie** gerig word aan die administratiewe beampte, Dorea du Bruyn, by Posbus 61184, Vaalpark 1948, of per e-pos na [vaalpark@nhk.co.za](mailto:vaalpark@nhk.co.za). Skakel die gemeentekantoor by 016 971 1999 of 083 225 7391, of stuur 'n faks na 086 636 1037.
- **Gemeente Mosselbaai** het begin met die bou van sy kerk in Stilbaai, en is op soek na 'n goeie orrel, kerkbanke, preekstoel en ander meubels wat in 'n



kerkgebou tuishoort. Skakel asseblief met dr Fanie Pretorius by die Sinodale Kerkkantoor (012 322 8885 x256) of dr Gert Malan van Gemeente Mosselbaai (044 693 1085 of 083 340 2905).

- Die **MRCC** in Jouberton, Klerksdorp benodig 'n **kerkklok** vir hulle kerkgebou. Kontak ds André Ungerer by 082 940 8201 as u gemeente 'n kerkklok beskikbaar het.
- Die diakens van **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** vra mooi: *Help ons met 'n kombors of 'n geldelike donasie waarmee ons komberse kan aanskaf vir behoeftiges wat dit nie kan bekostig nie.* Skakel Annatjie Sandroock by 072 356 7189 of 015 295 5464 vir meer besonderhede.

\*\*\*\*\*

## 'n Sprankie hoop in moeilike tye

Die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering (ADV), Die Ondersteuningsraad en die Direksie van die Kinderhuise wil gemeentes en private donateurs bedank vir die morele en finansiële ondersteuning wat hulle aan die Diakonale Diensorgane van die Kerk gee.

Die deurkollekte wat tydens Kindersorgsondag, Gesinsorgsondag en Kerseredienste ingesamel word, word oorbetal aan *Beeld* se Kinderfonds.

Die tendense van die afgelope ses jaar was soos volg:

JAAR	INBETAAL	ONTVANG	WINS
2004	R282 506,00	R402 031,00	R119 525,00
2005	R271 776,00	R411 984,00	R140 208,00
2006	R310 691,85	R456 840,05	R146 148,20
2007	R333 260,45	R484 092,73	R150 832,28
2008	R375 702,39	R515 797,50	R140 095,11
2009	R407 561,00	R627 321,80	R220 760,80

Ons Kerk se geld vir dienslewering kan nêrens anders sodanige groei toon nie, en daarom is daar groot dankbaarheid oor *Beeld* se Kinderfonds.

In tye waar lidmate maklik negatief kan raak oor die Kerk en sy dienswerk, is hierdie nuus 'n sprankie hoop. Nieteenstaande die ekonomiese resessie het die Groot Diaken voorsien in die behoeftes van sy kudde.

**Dr Wilhelm Coetzer**  
**Sekretaris: Kommissie van die ADV**

\*\*\*\*\*

- Die jongmense van die **ring van Noordelike Pretoria en Gemeente Wonderboompoort** bied op **Vrydag 26 Junie** om 18:00 die jeugbediening *Magtige Dreuning* aan met die tema *Facing the giants: Never give up, never back down, never lose faith.* Die program sluit in *Roadhouse* met hamburgers, *hot dogs, chips* en melkskommels (bestel asseblief vooruit); *Facing the giants*; en 'n sokkie tot 11:30. Is jy na 1980 gebore, of jonk van gees, laat hoor van



jou! Die byeenkoms vind plaas by die kerkgebou op die hoek van Eloffstraat en Mansfieldlaan, Eloffsdal. Kontak die organiseerders by **magtgedreuning@gmail.com**, of by een van die volgende nommers:

- o Geraas 073 377 7077 (ook vir MXit)
- o BackChat 083 663 5198
- o Ds Johann 082 733 3951
- o Ds Peet 072 372 6933
- o GrootBek 082 411 0655
- o **Die Facebook-groep is *Magtige Dreuning***

Die finansiële komitee van **Gemeente Primrose-Oos** bedank elke lidmaat van die gemeente, die gemeenskap asook lidmate van naburige gemeentes en kerke vir die ondersteuning met ons suksesvolle gemeentebasaar op 6 Junie. *Julle wat aan die Here behoort, dien Hom! ...Selfs lees ly gebrek en kry honger, maar wie die Here se hulp vra, kom niks kort van al die goeie dinge nie (Ps 34: 10-11).*

**Oudl Martiens Kruger,  
Finkom-voorsitter**

\*\*\*\*\*

Die *Hervormer* en die *e-Hervormer* het nou 'n SMS-lyn waarheen kort kommentaar gestuur kan word oor enige saak wat in dié twee publikasies bespreek is. Opmerkings wat so ontvang word, sal deur 'n teologiese span bestudeer word, en mag op *Die Hervormer* se webwerf gepubliseer word. Stuur u SMS aan 071 229 8903, en kyk op **www.hervormer.co.za/kommentaar** vir onlangse SMS-boodskappe wat ontvang is.

\*\*\*\*\*

Baie dankie vir die inspirerende *e-Hervormer*. Ons kan nie wag om dit elke week te ontvang nie.

**Kobie Snyders  
Gemeente Kimberley**

- **Gemeente Rooihuiskraal** bied 'n **Huweliksverrykingstoer** na die Krugerwildtuin aan van **Saterdag 8 tot Maandag 10 Augustus** (oor die langnaweek). Die tema is *Die vyf tale van die liefde* (na aanleiding van die Wildtuin se Groot Vyf). Die koste is R875 per persoon en sluit 2 nagte in 'n 2-bed rondawel by Pretoriuskop in, asook busvervoer, vier etes en kursusmateriaal. Toergangers moet sorg vir hul eie toegangsgeld, padkos, snoeperye en sakgeld. Bespreek by dr Gerhard Lindeque by 082 374 8703 of **gclindeque@absamail.co.za**.
- **Gemeente Erasmia** reël 'n **Bybelstap** vir **Saterdag 15 Augustus** by die Voortrekkermonument. Registrasie begin om 06:30, en die koste is R25 per persoon. Alle deelnemers gaan 'n medalje van die Bybelgenootskap ontvang. Skakel 082 962 2870 of 012 370 3513 vir meer inligting. Hulle benodig ook borge sodat die onkoste gedek kan word.
- Sedert 2008 samel **Gemeente Primrose-Oos** en ander gemeentes in Primrose geld in om aan die begin van die jaar Bybels vir graad 1-leerders uit te deel. Hulle noem dit die **Saadjieprojek**, want hulle probeer om geloofsaadjies te plant. Op **Saterdag 22 Augustus** om 18:30 vir 19:00 tree Zak van Niekerk op by Laerskool Oosterkruin, Bataviastraat, Gerdview. Kaartjies kos R100 vir volwassenes en R60 vir laerskoolkinders. Kaartjies kan gekoop word by Ackermans-apteek, of kontak Janita Swanepoel by 082 562 9628, Annelie Swanepoel by 082 870 7795 of Antoinette Jacobs by 071 672 6794. Die bankbesonderhede vir donasies is die volgende:

**NHK Primrose-Oos**

**ABSA**

**Tak 334-542**

**Rekeningnommer 250 590 482**

**Bewysstrokies kan gefaks word na 011 806 1839**

\*\*\*\*\*

- **Gemeente Springs-Oos** vier vanjaar sy **50ste bestaansjaar**. Verskeie feesmemorabilia word deur die jaar verkoop. Kontak Katrien Prinsloo by 011 815 1376 daarvoor. Die feeskomitee is ook besig met die samestelling van 'n gedenkalbum wat tydens die fees beskikbaar sal wees. Kontak die skriba, oudl Retha Laubscher, by 083 475 1962, of bestel per e-pos by **rethalaubscher@telkomsa.net**.
- Alle predikante is lede van die **Van der Hoff Teologiese Vereniging**. Die bestuur van 2009 wil vanjaar 'n besondere fondsinsameling loods en terselfdertyd 'n reünie hou om al die Van der Hoffers bymekaar te bring. 'n **Gholfkompisies** word beplan vir **Dinsdag 22 September**, en die dag sal afgesluit word met die tradisionele Van der Hoff-dinee. Belangstellendes word genooi om 'n borgskap aan te bied. Kontak asseblief een van die volgende persone as u kan help:



- o Marius Kramer (Praeses) 082 346 7258
- o Elritia le Roux (Assessor) 083 503 4262
- o Tiaan Loedolff (Fiscus) 073 529 1538
- o Lise-Marie Swanepoel (Abactus) 083 943 4561

\*\*\*\*\*

## Basaars en ander pret

- **Gemeente Laer Suidkus** bied op **Vrydag 19 Junie** om 19:00 'n **Prawnfees** aan in die stadsaal van Port Shepstone. Yoti die Griekse Boertjie tree op as gaskunstenaar. Die fees vind plaas in dieselfde tyd as die opwindende Sardienloop. Kaartjies kos R140 per persoon, en verblyfreelings kan getref word. Kontak ds Jacques Pieterse by 082 458 4482 of [jacquesjean@vodamail.co.za](mailto:jacquesjean@vodamail.co.za).
- **Gemeente Kampersrus** hou die naweek van **26 en 27 Junie** 'n **Country & Western basaar**. Alle vakansiegangers in die omgewing van Hoedspruit word genooi om dit by te woon. Op Vrydag (26 Junie) vind 'n eg Amerikaanse *barn dance* plaas in die skoolsaal van Mariepskop Laerskool in Kampersrus. Saterdag (27 Junie) word in Hoedspruit voor die SPAR-winkelkompleks verder makietie gehou. Daar vind onder andere 'n skattejag plaas (kaartjies teen R10; verskeie pryse te wen) asook 'n trollieresies wat deur SPAR geborg word. Kontak oudl Wiets Marais (083 324 6652) of ds Hennie Louw (073 152 8815 / [henneloo@nhk.co.za](mailto:henneloo@nhk.co.za)) vir meer inligting.
- **Gemeente Kimberley** hou op **Saterdag 27 Junie** hul **Plaaswerfbasaar** op die oop terrein in Memorialstraat (Kaapse pad), Kimberley. Vir verdere besonderhede, kontak Roelie Steinmann by 053 861 2225 of 083 756 0126, of Elsabé Hudson by 053 861 1150 of 082 215 9140.
- **Gemeente Laeveld** bied 'n **jagkompetisie** ter waarde van R85 000 aan. Die eerste prys is 'n buffel, eland, rooihartbees, blouwildebees, koedoebul, blesbok, rooibokram en vlakvark wat geskiet kan word, en verblyf vir 12 persone vir 6 nagte! Die tweede prys is 'n blesbok en verblyf vir 6 persone vir 2 nagte. Die derde prys is 'n rooibokram en verblyf vir 6 persone vir 2 nagte. Kontak ds Gerhard Viviers of sy vrou Jorina by 078 666 5553 of 015 309 9580, of by [gerhard@nhklaeveld.co.za](mailto:gerhard@nhklaeveld.co.za). Die sluitingsdatum vir die kompetisie is **Sondag 5 Julie**.
- **Gemeente Roedtan** bied 'n **jagkompetisie** aan ter waarde van R30 000. Die 1ste prys is 4 blouwildebeeste, 2 koedoes, 2 blesbokke en 1 vlakvark. Die 2de prys is 'n naweekvoël jag vir 10 persone. Akkommodasie word verskaf vir 10 persone vir 3 dae. Die koste is R50 per kaartjie, die trekkingsdatum is **Sondag 19 Julie**, en die jagdatum is vanaf 23 Julie 2009. Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, 015 667 0045 of [redinex@mweb.co.za](mailto:redinex@mweb.co.za).
- **Gemeente Noordelike Pretoria** en die Mootsorgsentrum bied op **Dinsdag 28 Julie** die **Noordes Gholfdag** aan by die Akasia-buiteklub. Die koste is R1 200 per 4-bal of R300 per persoon (in albei gevalle is die prysuitdeling en ete ingesluit). Fondse is ten bate van barmhartigheidswerk in gemeenskapsverband. Navrae kan gerig word aan Hendrik Pieterse by 082 447 3286 of Gerdi Wolfswinkel by 082 262 1224.
- **Gemeente Springs-Oos** se **feesbasaar** om met hul 50-jaar viering saam te val, vind plaas op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** by die Driehoekterrein in



Lodeyko, Springs. Op Woensdag 9 September bied hulle 'n formele 3-gangete met kunstenaar Gerhard Steyn aan in Springs se Burgersentrum. Kaartjies vir die geleentheid is beskikbaar teen R200 per persoon. Kontak mev Adele Roets by 011 362 2570 na ure of Katrien Prinsloo by 011 815 1376.

- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholffuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Daar is meer as R20 000 se pryse te wen. Inskrywings kos R1 600 per vierbal en sluit twee gholffkarretjies, 'n geskenkpakkie, die prysuitdeling en 'n aandete in. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.

## ANDER NUUS

- Nadat die Kommissie van die AKV toestemming verleen het vir die **verskuiwing van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** na die Sinodale Kerkkantoor, het werksaamhede in alle erns begin met die opgradering van die deel van die gebou waar die studente lesings sal ontvang. Behuising vir die studente word voorsien in die omliggende woonstelgeboue.
- Die eerste beskrywingspunte vir die **69ste AKV** is vanaf ringsvergaderings ontvang. Die vergadering vind plaas gedurende die skoolvakansie in Oktober 2010. Tans word ondersoek gedoen na 'n geskikte vergaderplek, aangesien die Aula moontlik vanweë verbouings nie beskikbaar gaan wees nie.
- **Die Ondersteuningsraad Pretoria** is tans verantwoordelik vir die Rainbow Kleutergroepprojek in Danville, waar behoeftige voorskoolse kinders op daaglikse basis versorg en opvoedkundig gestimuleer word. Hierdie kinders se ouers kan geen fooie bekostig nie, en ongelukkig het verskeie donateurs aan die projek onttrek. Die Ondersteuningraad vra hulp ten opsigte van die volgende:
  - Enige skoonmaakmiddels
  - Toiletpapier
  - Kartonne, waterverf, vetkryte, papier, ensovoorts
  - Speelgoed (opvoedkundig en ander)
  - Medikasie vir noodhulpkissie
  - Herstel van die yskas

Kontak Charmaine Fourie by 012 322 8885 of [oraadpb@nhk.co.za](mailto:oraadpb@nhk.co.za).

## Belangrike vergaderings

Aangesien die skole op 26 Junie sluit, vind daar nie veel vergaderings plaas voordat die skole weer heropen op 20 Julie nie.

Die volgende vergaderings is wel vroeër beplan, maar kon moontlik intussen verander het. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

- Die Finansiële Komitee van Die Ondersteuningsraad op Vrydag 19 Junie
- Die Dagbestuur van die ADV op Vrydag 19 Junie
- Die redaksie van *Die Hervormer* op Dinsdag 23 Junie om 10:00
- Die Ondersteuningsraad hou op Donderdag 25 Junie 'n werkswinkel



# AGTERBLAD

## Onuitspreekbare grootsheid


Die Julie-uitgawe van *Konteks* het pas verskyn. Die voorbladontwerp dra drie uitbeeldings van die geboorte van sterre. Daarmee word iets tuisgebring van die onnoembare grootsheid van die drie-enige God wat ons bely.

Benewens die ankerartikel van emeritusprofessor Schalk Botha oor die Drie-eenheid, sluit verskeie ander artikels in dié uitgawe aan by die tema van God se onpeilbare grootsheid, en die verwondering waarmee dit ons laat.

Dr Elsabé Kloppers skryf oor die volheid van God, en hoe ons dit veral op Drie-eenheidsondag vier. Prof Piet Geyser deel met lesers die gesprek wat hy vroeër vanjaar met die jongmense van Gemeente Pretoria-Oos gevoer het oor evolusie en geloof. Tessa Oppermann skryf oor boeke waaruit ons meer te wete kan kom oor die verhouding tussen geloof en wetenskap. In sy redaksionele berig kom dr Wian Kloppers tot die gevolgtrekking dat God te groot is om in woorde vasgevang te word. Ons buig in woordelose aanbidding voor Hom neer...

By hierdie uitgawe is ook 'n besondere bylaag ingebind oor Johannes Calvyn wat 500 jaar gelede gebore is. Dr Christo Pretorius was die redakteur daarvan. Daarin word geskryf oor Calvyn as evangeliedienaar en as mens, en oor sy siening van die kerk as liggaam van Christus.

\*\*\* In 'n wêreld van middelmatigheid waarin mense opgaan in publikasies oor beroemde en berugte mense, is *Konteks* vir Hervormde lidmate intelligente leesstof vir en vanuit ons Kerk. Teken in op ons gesinstydskrif teen R110 vir 10 uitgawes. Kontak mev Susann van Zyl van SENTIK by 012 322 8885 x232 of [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za). U kan ook enkeluitgawes teen R11 stuk bestel (posgeld uitgesluit).



Ons droom is  
dat alle mense  
in Jesus Christus sal glo  
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque  
Subredakteur: Ds André Ungerer  
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius  
Teksvorsorger: Mev Tessa Oppermann  
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse